higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SA & STREEKSREISE
NKR-VLAK 3

(11011063)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Raadpleeg die BYLAE, die kaart van Afrika (aangeheg), en beantwoord die volgende vrae.

1.1.1 Identifiseer die lande/eilande genommer 1–8. (8)

1.1.2 Skryf die name neer van die hoofstede van die lande genommer 3–6. (4)

1.1.3 Noem TWEE belangrike besienswaardighede wat in lande genommer 5 en 6 gevind word.

(2 × 2 (4)

1.2 Verduidelik kortliks die volgende tipes bestemmings en verskaf EEN voorbeeld saam met jou antwoord.

1.2.1 Moeras

1.2.2 Woestyn

1.2.3 Grootwild

1.2.4 Kus

(4 × 2) (8)

1.3 Die Witskrif oor Toerismeontwikkeling het aan die lig gebring dat onverantwoordelike toerismepraktyke negatiewe gevolge vir toeriste inhou.

1.3.1 Identifiseer DRIE negatiewe gevolge van onverantwoordelike toerisme. (3)

1.3.2 Bespreek hoe die gevolge wat jy in VRAAG 1.3.1 genoem het, toerisme beïnvloed. (3)

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Berg Kilimanjaro is een van die unieke kenmerke in Tanzanië.

2.1.2 Die Etosha Nasionale Park is in Namibië geleë.

2.1.3 Die geldeenheid wat in Botswana gebruik word, is die Botswana Sjieling.

2.1.4 Kenia deel 'n grens met Suid-Afrika, Namibië en Botswana.

Kopiereg voorbehou

2.1.5 Een van die hoofkenmerke van 'n besoek aan Tanzanië is die welige tropiese plantegroei.

2.1.6 Sowel Kenia as Tanzanië is woestynlande.

2.1.7 Zimbabwe is 'n land wat deur ander lande omsluit word.

2.1.8 Die hoofstad van Namibië is Windhoek.

2.1.9 Mosambiek is nie 'n land nie, maar 'n eiland wat deel is van Suid-Afrika.

2.1.10 Die Victoria-waterval is in Namibië geleë.

(10 × 1) (10)

2.2 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 Die (Namibië-woestyn/Visrivier-canyon) kry geen reën nie, maar net genoeg vog vanaf die seemis om 'n paar ongewone plante en diere aan die lewe te hou.

2.2.2 Die (Okavango-delta/Victoriameer-delta) is die grootste binnelandse delta in die wêreld.

2.2.3 Die (Victoria-waterval/Hwunge Nasionale Park) word as een van die wêreld se grootste natuurwonders beskou.

2.2.4 Die (Victoria-meer/Tanganyika-meer) is die langste en tweede diepste meer in die wêreld.

2.2.5 Teen ongeveer 5 895 m bo seevlak, is (Rwenzori/Kilimanjaro) die hoogste berg in Afrika.

(5 × 1) (5)

2.3 Watter geldeenheid sal 'n toeris in elk van die volgende lande gebruik?

2.3.1 Botswana

2.3.2 Tanzanië

2.3.3 Mosambiek

2.3.4 Kenia

2.3.5 Namibië

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

2.4 'n Groep Joodse priesters het jou genader om vir hulle 'n toer vir vyf dae te organiseer. Hulle wil graag die tempel en ander godsdienstige terreine in Suid-Afrika besoek.

2.4.1 Hoe sal jy die bogenoemde tipe toeriste kategoriseer? (2)

2.4.2 Adviseer die hotel waar hulle kan bly oor die streng Joodse reëls rakende kos en eetgebruike. (4)

2.4.3 Noem VIER faktore wat jy in gedagte sal moet hou om hul reis effektief te kan beplan. (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 'n … is 'n Joodse plek van aanbidding.

3.1.2 … is 'n plek wat as heilig beskou word weens die verbintenisse met 'n gewyde persoon.

3.1.3 'n ... is 'n klein boekie of tydskrif wat foto's en inligting oor 'n projek bevat.

3.1.4 'n … is 'n kort reis.

3.1.5 'n ... is 'n gebou, plek of gebeurtenis wat besoekers lok.

(5 × 1) (5)

3.2 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

HWANGE NASIONALE PARK

Hwange Nasionale Park is die grootste natuurreservaat in Zimbabwe. Dit is na 'n plaaslike Nhanzwa-hoofman vernoem, en is geleë in die noordwestelike hoek van die land, ongeveer een uur suid van die magtige Victoria-waterval. In die vroeë negentiende eeu het dit die jagveld van die Ndebele vegter-koning Mzilikazi geword, en is in 1929 as 'n Nasionale Park geproklameer.

BESIENSWAARDIGHEDE

Hwange spog met 'n geweldige verskeidenheid wildlewe, met meer as 100 opgetekende spesies soogdiere en bykans 400 voëlspesies. Die olifante van Hwange is wêreldbekend en die park se olifantbevolking is een van die grootste ter wêreld. Die park het drie verskillende kampe en administratiewe kantore by Robins, Sinamatella, en die grootste een by die hoofkamp.

AKIWITEITE

Besoekers aan die streek kan tradisionele wonings besoek om meer oor die plaaslike mense en hul unieke kulture te leer. Dorpsmarkte bied aan die plaaslike mense die geleentheid om hul kuns en kunsvlyitems te verkoop. Ander aktiwiteite sluit in 'n dagbesoek aan die Victoria-waterval, of jy kan 'n verskeidenheid spabehandelings geniet.

[Bron: http://zimparks.org/parks/national-parks/hwange]

3.2.1 Jy is 'n agent vir Hwange Nasionale Park. Jou gaste, 'n groep van vier mense, gaan om 10:00 by Robert Gabriel Mugabe Internasionale Lughawe arriveer.

Identifiseer die tipe vervoer wat gepas sal wees om jou gaste vanaf die lughawe na Hwange Nasionale Park te vervoer. Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

3.2.2 Doen aanbevelings oor TWEE tipes toeriste wat daarin sal belangstel om Hwange Nasionale Park te besoek. (2)

3.2.3 Jy het 'n wildsbesigtigingsrit om 16:00 vir jou gaste bespreek sodat hulle die olifante kan gaan sien. Weens slegte weer, is die wildsrit uitgestel.

Beveel DRIE alternatiewe aan waaraan jou gaste kan deelneem. (3)

3.2.4 Jou gaste het gekies om 'n aandete te geniet, gevolg deur 'n vertoning van Zimbabwiese Tradisionele Dans (Ngororombe) deur die Shona-mense.

Verduidelik hoe jy alternatiewe reëlings sal tref om die nuwe aktiwiteit wat jou gaste gekies het, te akkommodeer. (5)

3.2.5 Watter tipe erfenis beeld die Zimbabwiese Tradisionele Dans uit? Staaf jou antwoord. (1 + 1) (2)

Kopiereg voorbehou

3.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae:

Jy is 'n reiskonsultant vir Imnandi Cape Tours. Jy het opdrag ontvang om 'n toer te ontwerp vir 'n groep van 15 Amerikaanse toeriste tussen die ouderdom van 28 en 45 jaar. Alhoewel elke toeris by aankoms 'n basiese reisplan sal ontvang, benodig hulle ook sekere basiese inligting oor hoe om veilig en gemaklik in die land rond te beweeg.

Adviseer die toeriste oor die belangrikheid om oor die volgende inligting met betrekking tot 'n land of gebied te beskik voordat hulle dit besoek:

(a) Weerstoestande
(b) Kulturele sensitiwiteit
(c) Groetwyses
(d) Eetgewoontes
(e) Godsdienstige gebruike (5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 4

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Die Kalahari- (Kgalagadi-) woestyn is geleë in …

A Botswana.
B Namibië.
C Kenia.
D Tanzanië.

4.1.2 ... reis gewoonlik vir die geleentheid om aan opwindende en gevaarlike ervarings deel te neem.

A Besigheidstoeriste
B Natuurliefhebbers
C Avontuurtoeriste
D Kulturele toeriste

4.1.3 Wanneer 'n ... besoek word, moet mans hul skoene uittrek en vroue fatsoenlik aangetrek wees.

A Christelike Kerk
B Moslem-moskee
C Boeddhiste-tempel
D Klooster

4.1.4 Kosher-maaltye is vereistes van die ... wette met betrekking tot die voorbereiding van kos.

A Moslem-
B Christen-
C Protestante
D Joodse

4.1.5 ... is die internasionale lughawe van Botswana.

A Jomo Kenyatta Internasionale Lughawe
B Windhoek Internasionale Lughawe
C Sir Seretse Khama Internasionale Lughawe
D OR Tambo Internasionale Lughawe

4.1.6 Wanneer toeriste Suid-Afrika besoek, word hulle aangeraai om daarop te let dat die valutakode van die Suid-Afrikaanse rand ... is.

A ZAR
B GBP
C Euro
D USD

4.1.7 ... is 'n belangrike besienswaardigheid in Tanzanië.

A Sossusvlei
B Etosha NasionalePark
C Kgalagadi Oorgrenspark
D Berg Kilimanjaro

4.1.8 Een van die belanghebbers wat 'n belangrike rol in die toerismebedryf speel, is ...

A skole.
B internasionale organisasies.
C die nasionale regering.
D sokkerklubs.

4.1.9 … kan beskryf word as 'n voorbeeld van 'n tasbare erfenissimbool.

A Kulturele danse
B Plaaslike kos
C Kulturele musiek
D Kulturele waardes

Kopiereg voorbehou

4.1.10 ... is tradisioneel 'n gereg wat deur die Kaapse Malei-mense geëet word.

A Basmati-rys
B Melktert
C Breyani
D Pap

(10 ×1) (10)

4.2 Jy is 'n toergids van 'n groep toeriste na die Mombasa-moskee, Masjid Musa. Die aantal besoekers aan die moskee het die afgelope tyd aansienlik toegeneem. Die plaaslike bevolking het die provinsiale en nasionale regerings bedank vir hulle hulp om orde in die moskee te herstel.

4.2.1 Beskryf toepaslike toeristegedrag wat op protokol gegrond is by 'n moskee. (4)

4.2.2 Noem VIER belangrike punte rakende persoonlike sekuriteit vir toeriste wanneer hulle op straat loop. (4)

4.2.3 Mombasa is 'n baie gewilde toeristebestemming en kan dus maklik vuil of rommelbestrooi raak as toeriste nie aktief rommelstrooiery vermy nie.

Verduidelik hoe jy kwessies soos rommelstrooiery en die respektering van die natuurlike habitat met jou kliënte sal hanteer.

(2 × 2) (4)

4.3 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Jy is die toergids vir Sunny South African Tours. Jy tref voorbereidings vir 'n groep Nederlandse toeriste wat in Suid-Afrika sal arriveer om in die Wes-Kaap rond te reis.

4.3.1 Identifiseer DRIE bronne van inligting wat jy sal gebruik om 'n toer vir jou toeriste voor te berei. (3)

4.3.2 EEN van jou gaste lees 'n koerantplakkaat op een van die lamppale en wil meer daaroor weet:

'Sterftesyfer styg weens bendegeweld. '

Beskryf hoe jy as 'n toergids op hierdie omstrede vraagstuk sal reageer. (5)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Voltooi die volgende tabel hier onder deur die belanghebbers in die toerismebedryf in KOLOM A en hul ooreenstemmende verantwoordelikhede in KOLOM B te identifiseer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Nasionale regering	A	ontwikkeling en bevordering van die toerismebedryf in Suid-Afrika
5.1.2	Provinsiale regering	B	identifiseer potensiële toerismehulpbronne en besienswaardighede in hul gemeenskappe
5.1.3	Plaaslike regering	C	beplanning en beleidsmaking
5.1.4	Privaat sektor	D	voorsiening van padtekens ooreenkomstig nasionale riglyne
5.1.5	Gemeenskappe	E	bevredig klantebehoeftes deur kwaliteitsprodukte en -dienste te verskaf
		F	lewer onderwys en oorbruggingskursusse aan plaaslike gemeenskappe

(5 × 1) (5)

5.2 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Kollig val op Vroue in Toerisme by Afrika se Reisindaba 2018

Spesiale fokus is by Afrika se Reisindaba geplaas op die uitdagings en geleenthede waarvoor vroue in toerisme te staan kom. Alle lede van die media kon getuies wees van hoe 300 vroue tydens 'n netwerk-ete by die uShaka Marine World in Durban netwerk.

Volgens die adjunkminister van toerisme, Elizabeth Thabethe, '(bied) toerisme die potensiaal vir vroue om leierskapsposisies te beklee. Die uitdagings waar vroue teen te staan kom, sluit in hulle konsentrasie in laestatus-, laag besoldigde en onbestendige poste in die sektor'.

Die Reisindaba het ook op toenemende bewaringspogings gefokus, soos deur die opening van die Lubombo Oorgrensbewaringsarea in Northern KwaZulu-Natal bewys is.

[Bron: http://www.tourismupdate.co.za/article/179951/Women-in-Tourism-highlighted-at-Africa-s-Travel-Indaba-2018]

5.2.1 Bespreek kortliks DRIE rolle wat vroue kan speel in die nuwe toerisme-inisiatief in Suid-Afrika. (3 × 2) (6)

5.2.2 Identifiseer die rol van die media in die bewaring van erfenis in Suid-Afrika soos dit in die gevallestudie hier bo uiteengesit is. (2 × 2) (4)

5.2.3 Gee TWEE voorbeelde van privaat goedere. (2)

5.2.4 Bespreek TWEE rolle wat bewaringsagentskappe speel in die ontwikkeling en bestuur van bewaringsgrond vir toerist-medoeleindes. (2 × 2) (4)

5.3 Verduidelik kortliks wat met argeologiese erfenis bedoel word. Gee EEN voorbeeld om jou antwoord te illustreer. (2 + 1) (3)

5.4 Daar is bepaalde hulpbronne wat 'n sleutelrol in toerisme en die ekonomie speel.

Evalueer hoe die volgende ekonomiese hulpbronne die toerismebedryf beïnvloed:

5.4.1 Natuurlike hulpbronne

5.4.2 Kapitaalhulpbronne

5.4.3 Entrepreneurshulpbronne

(3 × 2) (6)

[30]

VRAAGN 6

6.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Groot planne vir *Segaetsho* kultuurdorpie met Thuto Legwale wat die leisels oorneem.

Sun City het 'n vennootskap gesluit met die dinamiese Thuto Legwale om die leisels oor te neem en nuwe lewe te blaas in die *Segaetsho* Kultuurdorpie – wat 'Ons Erfenis in Setswana beteken, en die kern van die sentrum waar besoekers die uiteenlopende erfenis en geskiedenis van die Noordwes-provinsie kan verken – en beoog om aan besoekers 'n outentieke Afrika-ervaring te bied, met tradisionele musiek, kunsvlyt en inheemse speletjies

Die vennootskap bestaan uit Sun International, Noordwes-provinsie Toerisme, ASISA (Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika) en Thuto Legwale, wat almal verbind is tot die bevordering van volhoubare gemeenskappe deur die ontwikkeling van klein- en mediumondernemings te ondersteun.

[Bron: http://www.bizcommunity.com/Article/196/373/170742.html]

6.1.1 Noem TWEE redes waarom alle belanghebbers aan die projek moet deelneem. (2)

6.1.2 Identifiseer VIER gemeenskaplike behoeftes wat al die belanghebbers in die projek deel. (4)

6.1.3 Gee TWEE strategieë oor hoe 'n nuwe volhoubare-ontwikkelingsprojek soos die *Segaetsho* Kultuurdorpie ekonomiese sake kan verbeter met verwysing na:

(a) Werksverskaffing
(b) Aankope
(c) Produkontwikkeling

(3 × 2) (6)

6.2 Jy is aangewys as 'n volhoubaretoerisme-adviseur van die *Segaetsho* Kultuurdorpieprojek.

Voorsien die span van strategieë wat die volgende doelwitte sal bereik:

6.2.1 Verhoog respek vir die plaaslike kultuur

6.2.2 Bevorder die plaaslike kultuur

6.2.3 Ondersteun ontwikkeling en onderwys

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

6.3 Bestudeer die prentjie hier onder en beantwoord die vrae:



[Bron: http://www.beachapedia.org/Rise_Above_Plastics]

6.3.1 Watter omgewingskwessie word in die spotprent uitgebeeld? (2)

6.3.2 Bespreek kortliks DRIE maniere waarop 'n mens toeriste kan motiveer om omgewingsverantwoordelik te wees. (3 × 2) (6)

6.3.3 Gee TWEE voorstelle oor hoe jy die plaaslike gemeenskap by die opruiming van 'n besoedelde strand sal betrek. (2 × 2) (4)

[30]

TOTAAL: 180

Copyright reserved

(7601034)

BYLAE



Kopiereg voorbehou